KAI SCHMIDT OOR WAT JY TE WAGTE KAN WEES:

"Voor die vervaardigingsproses begin, sal ek met die kliënt sit en 'n skets maak wat hul persoonlike visie van die stuk sal verteenwoordig.

Ons sal dan besluit oor die metaal en die stene wat in die stuk gebruik sal word – ook die grootte, vorm en die funksie van die stuk.

Hierna word ekstra items soos bv. kettinkies uitgesoek waarna die ontwerp toegesê word aan een van die vyf goudsmede wat by Kai Schmidt werk.

Die eerste stap in die vervaardigingsproses is om die vermenging van die metale perfek te kry. As dit gedoen is, word die metale saam gesmelt, gegiet en uitgerol. Hieruit word die stuk gesny. Omdat 'n handgemaakte stuk gewoonlik bestaan uit 'n aantal komponente wat een vir een vervaardig word en uiteindelik aan mekaar vas gesoldeer word, is dit noodsaaklik dat elke individuele stuk uiteindelik saam moet kom om 'n geheel te vorm. Hierna word die stuk afgerond, gepoleer om die totale unieke kunswerk te voltooi.

In 'n era van kitsoplossings, is Kai Schmidt 'n briesie vars lug. "Kieskeurige kliënte is altyd op die uitkyk vir die uitsonderlike gehalte van handgemaakte juweliersware en sal keer op keer na ons terugkeer vir nuwe stukke."

Om in aanmerking te kom vir dié wonderlike prys, stuur jou naam en besonderhede aan DEKAT/Kai Schmidt, Posbus 2828, Houghton, 2041 of stuur 'n e-pos aan info@dekat.co.za met Kai Schmidt in die onderwerpveld. Inskrywings moet ons nie later as 15 April bereik nie.

Een gelukkige DEKAT-leser kan 'n konsultasie met Kai Schmidt wen waarna dié meestervakman spesiaal vir jou 'n stuk juweliersware ter waarde van R40 000 sal skep … presies soos jy nog altyd daarvan gedroom het.

E E N S O

WEDSTRYDREËLS:
Die sluitingsdatum vir inskrywings is 15 April 2006. • Die prys sal toegeken word aan die eerste inskrywing wat getrek word. • Die beoordelaars se besluit is finaal. • Die wenners sal telefonies in kennis gestel word. • Dit is wenslik dat die wenner vir die konsultasie Johannesburg toe kom. • Die pryse is nie oordraagbaar nie en ook nie omruilbaar vir kontant nie. • Die personeel van DEKAT en Kai Schmidt of hul direkte familie mag nie deelneem nie. • DEKAT aanvaar geen aanspreeklikheid vir verliese gely uit die benutting van die pryse nie.

ORTIG